

Belyn jou skool se wiele

Inleiding:

Vandag se onderwyslandskap lê voor ons soos Suid-Afrika se paaie. Op sommige plekke van baie goeie gehalte waarop die verkeer met min moeite glad verloop, en op ander plekke onderbroke met groter en kleiner slaggate. Ongelukkig is dit so dat dit wat mooi en glad verloop bedreig word deur oneffektiewe bestuur van owerheidskant..

Wat die slegte paaie betref word dit soms gelap, soms net geïgnoreer of voertuie word aangepas om dit te gebruik.


As onafhanklike Christelike skole is die paaie wat ons aandurf meestal maar vol slaggate en moet noodwendig gefokus word op hoe die uitdagings in volhoubare geleenthede omskep kan word. Op hierdie paaie word gebruik gemaak van 'n "goed toegeruste voertuig" om die kinders te begelei tot gelowiges, toegerus vir elke goeie werk.

Daar moet voortdurend gelet word om die kinders veilig by die eindbestemming te bring en daarvoor moet alle belanghebbendes by onafhanklike Christelike skole eers drie vrae eerlik beantwoord:

1. Ken ek die skool se identiteit?
2. Strook die skool se kwaliteit daarmee?
3. Wat is die verhouding tussen die skool se identiteit en kwaliteit en die skool se lewensvatbaarheid?

Indien identiteit in gedrang kom, gaan dit 'n enorme slagkat veroorsaak. Dit gaan 'n invloed hê op kwaliteit met die gevolg krimpende getalle en die lewensvatbaarheid wat bedreig word.

Kwaliteit lê dus gewortel in identiteit. Om te verseker dat kwaliteit en identiteit so vas is dat die slegte paaie en slaggate die minste invloed op skole gaan



hê is die keuse van die voertuig baie belangrik. Maak dus seker dat dit in staat sal wees om die omstandighede te kan baasraak. Dié voertuig bestaan uit vyf dele, 'n basiese raamwerk met vier wiele. Uitnemende kwaliteit wiele word benodig om die paaie aan te durf, wiele wat goed versorg, belyn en gebalanseer is.

Rigting:

Die eerste wiel bepaal die voertuig se **rigting**. Die rigting word vasgelê in die skool se visie en missie.

Vir Christelike skole lê die visie en missie gegrondves in die feit dat Christus regeer, oor alles, ook oor die onderwys. Die skool se begroning, filosofie en identiteit word dus bepaal

deur Christus wat regeer en vergestalt in die wete dat onderwys 'n wetenskap is wat alleen in die lig van dié Lig, Christus, beoefen kan word. Hierdie wete moet in die skoolpraktyk uitgeleef word.



Roeping

Die tweede wiel is die Christelike skool se vingerafdruk. 'n Wiel het spore wat in hom ingeëts is en byna soos 'n vingerafdruk lyk. So is 'n skool se roeping sy vingerafdruk. Maar wat hou dit vir 'n Christelike skool in?



Is die vingerafdruk verbodsonderrig of onderrig met 'n sending- of charismatiese karakter? Word die skool se vingerafdruk herken en daarby gehou, of word dit voortdurend by die praktyk aangepas? 'n Voorbeeld ter illustrasie is die Rooms-Katolieke skole. Hulle het lankal besluit hoe lyk hul vingerafdruk en hulle bly daarby, al vir eeue. Protestante daarenteen is geneig, om die vingerafdruk te meng of aan te pas by die praktyk. Dit beïnvloed die skool se rigting, sy identiteit en skep verwarring. Net soos wat 'n voertuig se wiele op 'n gereelde basis nagesien moet word, so moet 'n skool voortdurend besig wees met sy identiteit. Meet die uitdagings wat in praktyk ontstaan aan die skool se roeping en maak seker dat dit voldoen aan God se Woord.

Ruimte

So maklik word die eerste twee wiele verhef as die belangrikste. Op papier is dit baie mooi uiteengesit, maar in die praktyk sien ons min daarvan. Die eerste twee wiele bepaal hoe daar met die twee laaste gehandel moet word. Die derde wiel is die ruimte waarin die wêreld aan die leerling deur die bril van die Woord ontsluit word.

Die ruimte moet 'n veilige omgewing wees waarbinne die leerlinge deur interaksie met mekaar en met die onderwyser, mekaar vorm en aanmoedig, om as navolgers van Christus te groei. Hierdie ruimte sluit alles van die skool in; die skoolsaal, die biblioteek, die laboratorium, die verbruikerstudiesentrum en die sportvelde. Dit mag nie afgeskeep word nie, baie moeite moet gedoen word om waardige, veilige en doelmatige ruimtes te skep waarbinne die leerling kan groei.

Rolspelers

Calvyn het 500 jaar gelede reeds die belangrikheid van die laaste wiel onderstreep. Dr. G. J. Meijer lê dit soos volg uit: "Hy verklaar dan dat almal wat aan die onderwys deel het, leermeesters sowel as leerlinge, moet Godvresend in hulle doen en late wees. Almal wat by die skool betrokke is, staan onder opsig en tug van die plaaslike kerk. Leermeesters asook studente aan die Akademie verbind hulle openlik aan die geloofsbelydenis deur dit met hulle handtekening te onderskryf.

Ter wille van goeie orde in die skool is daar leermeesters wat lesse aanbied, 'n hoof wat toesig hou oor die leermeesters, en 'n rektor wat algeheel toesig oor die skool het."

Die verskillende rolspelers is die ondersteunende personeel, onderwysers, ouers en leerlinge. Die personeel is leermeesters wat die voorbeeld van Christus volg en so met woord en daad die pad na Christus aanwys. Die kurrikulum is belangrik, maar die persone wat die kurrikulum aanbied is krities belangrik aangesien hul lewens- en wêreldbeskouing in die metodiek gaan vergestalt. Gelowige onderwysers is die belangrikste rede waarom gesinne hul kinders na 'n spesifieke skool sal stuur.



Daar voel hulle veilig, want hul vertrou hul kinders toe aan 'n "plaasvervangende ouer" wat hul kind dieselfde sal onderrig as by die huis en die kerk. Die geheime bestanddeel van 'n Christelike skool is dan die onderwyser wat in sy voorbeeld Christus erken as sy enigste Leermeester. Maak dus goeie aanstellings, versorg die personeel met liefde, ook die ondersteunende personeel.

Identifiseer mentors en laat die jong generasie onderwysers leer hoe om in hul voetspore te volg. Gee professionele opleidingsgeleenthede en pas hulle mooi op. 'n Groot personeelomset sal ouers en leerlinge onveilig laat voel, doen dus moeite met die aanstellingsproses.

Oorweeg die 3-3-3 beginsel wat die volgende inhoud:

1. Sorg dat daar ten minste drie kandidate is wat die skool ten minste drie keer besoek.
2. Ten minste drie onderhoudvoerders
3. Die bestuur moet ten minste drie keer met hulle onderhoude, informeel en formeel voer. Dit sluit bv. ook psigometriese toetse in en as daar twyfel is, kan daar selfs 'n proefles aangebied word.

Maak dus seker dat die regte mense op die regte plekke in die bus aangestel word. Die bestuur wat waak oor die personeel is eerstens verantwoordelik teenoor die Here, dan

teenoor die ouers en leerlinge. Om personeel aan te stel is dus 'n geweldige verantwoordelike taak. Wanneer daar onsekerheid is, is geen besluit ook 'n besluit, dit is beter as 'n verkeerde besluit.

Inhoud

Die raamwerk van die voertuig rus op hierdie vier wiele. Indien hierdie vier wiele nie bestand is teen die slegte paaie waarop ons dikwels verkeer nie, gaan die inhoud (raamwerk) nie afgelewer kan word nie, of dit gaan gebrekkig afgelewer word. Die inhoud is nie net die akademiese inhoud nie, dit behels ook sport, kultuur en sosiale inhoud. Die geestelike inhoud is hierin geïntegreer. Hierdie inhoud word afgelewer op wiele wat goed belyn is om sodoende die kind te begelei ooreenkomstig die opvoedingsdoel wat ons in 2 Tim 3: 16 en 17 vind nl. dat die mens volkome kan wees, volkome toegerus vir elke goeie werk deur die hele Skrif wat deur God ingegee is.

Waak as Christelike skole om inhoud te probeer aanbied net ter wille van inhoud of om spasioes vol te maak. Evalueer voortdurend wat aangebied word en elimineer programme wat nie daartoe bydra nie.

'n Vyfde wiel?

In ons land het ons regtig baie uitdagings op die onderwyspaaie en ons moet beplan om hierdie uitdagings in geleenthede te omskep anders gaan ons vasval. Daarom mag ons nie van die vyfde wiel, die spaarwiel vergeet nie. Hierdie spaarwiel is 'n goeie skoot humor en baie innovasie en is nodig om te sorg dat die voertuig nie in moedeloosheid verval nie. Wees dus vir baie veranderde omstandighede voorbereid, dink kreatief, maak planne en doen dit met oortuiging vanuit roeping.

Onthou

Dit neem net een band wat bars of lek om die voertuig in die sloot te laat beland. Dit neem meer as een band om weer uit die sloot te klim. Om die wiele doeltreffend te belyn en teen die hoogste en mees effektiewe spoed die vrag te laat aflewer neem fyn beplanning, versorging, begroning en besinning. Mag ons die moed, krag en wysheid ontvang om nie te verslap nie en om altyd Skrifgefundeerd op die pad te bly.